

BYLAE 1**Ontwerp van die empiriese ondersoek na die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika en motivering van die metodologie gebruik**

	Bladsy
1 Metode	181
2 Keuse van respondente	181
3 Vraelys	184
4 Analisering en interpretering van die terugvoer uit die empiriese ondersoek	184
5. Besonderhede van individue met wie onderhoude gevoer is	185
6. Vraelys vir die doel van die empiriese ondersoek	186

BYLAE I

Ontwerp van die empiriese ondersoek na die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika en motivering van die metodologie gebruik

1 Metode

Die navorsingsmetode wat in die empiriese ondersoek gebruik is, is kwalitatief van aard. Semi-gestruktureerde onderhoude is met individue gevoer wat 'n wesenlike bydrae tot die navorsing kon maak uit die aard van die posisies wat hulle binne die interne ouditeursberoep beklee.

Die besluit om onderhoude te voer, is geneem op grond van die oorweging dat meer breedvoerige en toepaslike inligting, vir die doel van die navorsing, op hierdie wyse bekom kon word as wat die geval sou wees indien 'n standaardvraelys uitgestuur sou word. Die onderhoude was semi-gestruktureerd van aard, aangesien daar van 'n vraelys gebruik gemaak is om struktuur aan die onderhoude te verleen. Die vraelys is vir sommige onderhoude aangepas om spesifieke inligting van bepaalde respondente te bekom.

2 Keuse van respondente

Twaalf individue is deur middel van doelgerigte steekproefneming geselekteer, op grond van die posisies wat hulle onderskeidelik in die interne ouditeursberoep beklee, en het die volgende ingesluit:

- Vyf hoofde van interne ouditfunksies, drie by genoteerde maatskappye en twee by openbare entiteite. Om te verseker dat die onderhoude sinvolle inligting oor die toepassing en bestuur van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies oplewer, is daar voor selektering

van die hoofde van interne ouditfunksies, deur middel van navraag, bevestig dat daar binne hulle interne ouditfunksies wel 'n gevorderde mate van gehaltebeheer toegepas word.

- Een persoon verantwoordelik vir gehaltebeheer binne die interne ouditfunksie van 'n genoteerde maatskappy.
- Drie vennote in bestuurskonsultasie-afdelings, verantwoordelik vir interne ouditdienste, by drie van die groot openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas.
- Drie ampsdraers by die IIA SA, naamlik die voormalige en huidige Hoof Uitvoerende Beamptes en die uitgetrede President vir die termyn 2000-2001.
- 'n Privaat konsultant in interne oudit en korporatiewe beheer.

Onderhoude met die hoofde van interne ouditafdelings en met die persoon verantwoordelik vir gehaltebeheer by 'n genoteerde maatskappy, moes veral inligting verskaf aangaande

- die pogings wat binne interne ouditfunksies aagewend word om gehaltebeheer te verseker en
- die menings van interne ouditeure in die praktyk met betrekking tot die rol wat die IIA SA in gehaltebeheer oor interne ouditfunksies behoort te speel.

Die doel van die onderhoude met hierdie groep respondente was om inligting in te win aangaande die persepsies wat by hulle bestaan ten opsigte van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in die algemeen en interne ouditfunksies se voldoening aan die vereistes van organisatoriese bestuur. Een van die hoofde het tot Junie 2000 die pos van Rekenmeester-generaal in die Staatsdiens beklee waar hy direk betrokke was by wetgewing om die regulering van staatsdepartemente aan te pas by die van die privaat sektor. Hy kon dus ook inligting verskaf oor die stand van gehaltebeheer oor interne ouditfunksies in die Staatsdiens.

Die onderhoude met vennote by openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas en met die privaat konsultant, het vanweë hulle kontak met verskeie organisasies se interne ouditfunksies, veral inligting verskaf aangaande

- gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in die algemeen
- hulle voldoening aan die interne ouditstandaarde en
- hulle voldoening aan die vereistes van organisatoriese bestuur.

Onderhoude met hierdie groep respondente het ook inligting verskaf aangaande die spesifieke rol wat openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas speel in die evaluering van die gehalte van interne ouditfunksies en kriteria wat gebruik word in die eksterne evaluering van interne ouditfunksies.

Onderhoude met ampsdraers van die IIA SA het veral inligting verskaf aangaande

- die inisiatiewe van die Instituut met betrekking tot gehaltebeheer binne interne ouditfunksies en
- die benutting van die hulpmiddels wat die IIA SA en IIA Inc. reeds bied deur interne ouditfunksies.

Die uitgetrede president van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika na verwys, is terselfdertyd 'n vennoot verantwoordelik vir interne ouditkonsultasies by een van die groot openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas en kon 'n bydrae in al twee hoedanighede lewer.

Besonderhede van die individue met wie onderhoude gevoer is (voortaan na verwys as respondente) word in paragraaf 5 van hierdie bylae, in alfabetiese volgorde uiteengesit.

3 Vraelys

Om struktuur aan die onderhoude te verleen is 'n standaard vraelys (kyk paragraaf 6) saamgestel vir hoofde van interne ouditfunksies. Die vraelys is tot 'n geringe mate aangepas wanneer onderhoude met ander respondente gevoer is. Sekere vrae is bygevoeg om perspektiewe oor spesifieke aangeleenthede van daardie respondente te bekom en vrae wat nie toepaslik is nie, is uitgesluit.

4 Analisering en interpretering van die terugvoer uit die empiriese ondersoek

Volledige aantekeninge is bygehou van die inligting wat tydens elke onderhoud verkry is. Na deeglike bestudering van hierdie aantekeninge was dit duidelik dat die terugvoere wat verkry is, onder vyf faktore groepeer naamlik:

- 1) Die stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika, nakoming van die interne ouditstandaarde en voldoening aan die vereistes van organisatoriese bestuur. Die terugvoer op vrae 1 en 2 ressorteer hieronder.
- 2) Die administrasie en bestuur van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies, waaronder die terugvoer op vraag 3 ressorteer.
- 3) Die aard en voorkoms van eksterne gehaltehersienings van interne ouditfunksies in Suid-Afrika en die uitvoering van eksterne gehaltehersienings deur openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas en konsultante. (terugvoer op vrae 4,5,7,10 en 12.)
- 4) Die betrokkenheid van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika by gehaltebeheer binne interne ouditfunksies. (terugvoer op vrae 6,8 en 13.)
- 5) Interne ouditeure se benutting van riglyne en hulpmiddels oor gehaltebeheer, wat by die

IIA SA beskikbaar is. (terugvoer op vrae 9,11 en 14.)

Die inligting wat uit die aantekeninge na vore gekom het, is saamgevat en volledig verwerk. Dit is betekenisvol aan die geïdentifiseerde faktore gekoppel, sonder dat spesifieke responsies aan bepaalde respondente toegeskryf is.

5 Besonderhede van individue met wie onderhoude gevoer is

Naam	Kwalifikasie(s)	Huidige betrekking	Posisie: IIASA
Barton, AP	B Com AGA, MBA	Hoof Interne Ouditeur: De Beers	Lid
Breytenbach, E	B Com Honneurs	Professional Practices Manager: Standard Bank Internal Audit	Lid
Du Preez, VE	CIA, BA, B Com, MBL	Hoof Uitvoerende Beampte: IIA SA, sedert April 2001	Hoof uitvoerende beampte
Engelbrecht, HL	GR(SA)	Hoofbestuurder Interne Oudit: Telkom	Lid
Erasmus, M	B Compt Honneurs, MBA	Hoof Interne Ouditeur: Affrox	Johannesburg Streeksvoorsitter
Fourie, I	GR(SA)	Vennoot: Risikobestuur, Arthur Anderson Openbare Rekenmeesters- en Ouditeurs	Lid
Hodson, PFJ	CIA	Hoof Uitvoerende Beampte: IIA SA (1999 - 2001)	Lid
Le Roux, Z	GR(SA), CIA, ACMA(US), CAIB(SA)	Konsultant: Interne Oudit en Korporatiewe beheer	Vise-president: Kongresse
Newsome, R	GR(SA)	SA Lead Partner: Corporate Governance Services, KPMG; President: IIASA	Uitgetrede President en Streeksdirekteur
Theron, A	B Com, CIA	Hoof Interne Ouditeur: SA Poskantoor	Lid en voormalige president
Van der Linde, G	GR(SA)	Hoof Interne Ouditeur: ABSA Voorheen, Rekenmeester Generaal - Staatsdiens	Lid
Van der Nest, JJ	GR(SA)	Partner: Global Risk Management, Price Waterhouse Coopers.	Lid

6 Vraelys vir die doel van die empiriese ondersoek

VRAELYS AANGAANDE DIE STAND VAN GEHALTEBEHEER BINNE INTERNE OUDITFUNKSIES IN SUID-AFRIKA

Doel van die onderhoudvoering:

Om vas te stel wat die huidige stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika is en die menings van geselekteerde individue in te samel aangaande gehaltebeheer binne interne ouditfunksies.

Doel van die vraelys:

Om as basiese vraelys gebruik te word tydens onderhoudvoering met geïdentifiseerde individue (Ampsdraers van die Instituut van Interne Ouditeure (Suid-Afrika), hoofde van interne ouditfunksies, verteenwoordigers van openbare rekenmeesters- en ouditeursfirmas en konsultante).

Vrae:

1. **Wat is volgens u die huidige stand van gehaltebeheer binne interne ouditfunksies in Suid-Afrika?**
2. **Is u van mening dat interne ouditfunksies oor die algemeen aan die vereistes van bestuur voldoen en die interne ouditstandaarde nakom?**
- 3.1 **Hoe word gehaltebeheer binne u interne ouditfunksie hanteer?**
- 3.2 **Wat beskou u as die belangrikste elemente van gehaltebeheer?**
- 4.1 **Het u interne ouditfunksie al ooit 'n eksterne gehaltehersiening ondergaan?**
- 4.2 **Indien nie, waarom nie?**
- 4.3 **Indien wel, deur wie is dit uitgevoer, volgens watter kriteria en hoe gereeld word dit herhaal?**
- 5.1 **Behoort eksterne gehaltehersienings na u mening afdwingbaar te wees op interne ouditfunksies?**
- 5.2 **Indien nie, waarom nie?**
- 5.3 **Indien wel, hoe kan dit bewerkstellig word?**
- 6.1 **Het die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika na u mening 'n rol te speel in gehaltebeheer oor interne ouditfunksies?**
- 6.2 **Indien nie, waarom nie?**
- 6.3 **Indien wel, wat behoort daardie rol te wees?**
7. **Is u 'n voorstander van eksterne gehaltehersienings uitgevoer deur**
 - **'n Onafhanklike konsultant?**
 - **'n Eksterne ouditeursfirma?**
 - **IIA SA?**
 - **IIA Inc.?**
 - **Ander?****Motiveer?**
8. **Wat is u mening oor die nuwe inisiatiewe van die IIA SA rondom gehaltebeheer, na aanleiding van die artikel in die *IIA IA Adviser*, Februarie 2001 deur Phil Hodson?**

VRAELYS AANGAANDE DIE STAND VAN GEHALTEBEHEER BINNE INTERNE OUDITFUNKSIES IN SUID-AFRIKA (Vervolg)

9. Wat is u mening aangaande die *Quality Assurance Guide* wat die IIA SA onder leiding van Rob Newsome uitgegee het?
10. Was u al betrokke by gehaltehersienings van die IIA Inc.?
11. Wat is u mening aangaande handleidings in verband met gehaltebeheer wat deur die IIA Inc. gepubliseer word?
12. Watter riglyne en gehaltemaatstawwe behoort na u mening gebruik te word in die evaluering van interne ouditfunksies?
13. Wat behoort na u mening die optrede van die IIA SA te wees indien 'n interne ouditfunksie nie aan die interne ouditstandaarde voldoen nie?
14. Wat is u mening aangaande *Global Auditing Information Network (GAIN)*, as 'n maatstaf vir die prestasie vergelyking van interne ouditfunksies?

Opmerking tot die vraelys:

Bogenoemde vrae is opgestel asof dit aan die hoof van 'n interne ouditfunksie gestel word. Indien 'n onderhoud met iemand in 'n ander hoedanigheid gevoer word, sal die bewoording van die vrae dienooreenkomstig aangepas word.

Sommige individue is geïdentifiseer op grond van sy / haar spesifieke hoedanigheid, byvoorbeeld 'n konsultant of die hoof uitvoerende beampte van die Instituut. Die vraelys sal aangevul word met vrae wat alleen deur die persoon in daardie hoedanigheid beantwoord kan word.